# Sondag, 18 Junie 2023

**Skriflesing:** Romeine 10:5 - 15

**Tema:** Wat word van mense wat nog nooit van Jesus gehoor het nie?

**Skriflesing**

**Romeine 10:5 tot 15**

**Die verlossing is vir elkeen wat glo**

[5] Moses skryf naamlik van die vryspraak op grond van wetsonderhouding dat die mens wat doen
wat die wet beveel, daardeur sal lewe. [6] Maar van die vryspraak deur die geloof sê hy: “Moenie by
jouself sê: ‘Wie sal na die hemel toe opklim?’ nie,” dit is, om Christus af te bring, [7] “of: ‘Wie sal na
die onderaardse diepte toe afdaal?’ nie,” dit is, om Christus uit die dood terug te bring. [8] Nee, die
Skrif sê:

“Naby jou is die woord,
in jou mond en in jou hart.”

En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig:

[10] As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood
opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond
bely ons, en ons word gered. [11] Die Skrif sê tog:

“Niemand wat in Hom glo,
sal teleurgestel word nie.”

[12] “Niemand nie!” Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde
Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, [13] want elkeen wat die Naam
van die Here aanroep, sal gered word.

[14] Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy
nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? [15] En hoe
kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die
voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring.”

**PREEK**

**Broers en susters in onse Here Jesus Christus:**

***Inleiding***

Gemeente, ons vra vanmore die volgende vraag :

“**Wat word van mense wat nog nooit van Jesus gehoor het nie?”**

Miljoene mense oor die wêreld heen het nog nooit die geleentheid gehad om selfs eenkeer met Jesus se blye boodskap gekonfronteer te word nie. Die mense van lande soos Indië en China word groot met die duisende gode wat deur hulle ouers en voorouers aanbid is. Hulle weet nie eers dat Jesus vir hulle sondes gesterf het nie. Sulke situasies raak baie Christene en laat ons wonder oor wat van die mense word wat nog nooit van Jesus gehoor het nie.

Wat word van hierdie mense?

Voor ons aandag gee aan hierdie vraag, is dit belangrik dat ek vir u sê dat ons nou in die Vierde Adventsweek in beweeg. Die woord **Advent** verwys na die “tyd van afwagting”. Ons as Christene is in afwagting op Kersdag, Kersdag wat vir ons as Christene herinner aan die dag toe ons verlosser, Jesus Christus gebore is; Die koms van die Seun van God wat ons lewens sou verander.

Vir u en vir my is dit ‘n tyd van afwagting, maar vir ander gelowe en ongelowiges is dit net ‘n feestyd. Dis ‘n tyd wat nie eers aan hulle behoort nie, maar hulle vier tog saam fees en hulle rede vir feesvier is iets anders.

Dit laat mens dink. Wat gaan van hierdie mense word wat nie eers van Jesus gehoor het nie? Mense wat van Jesus gehoor het en steeds glo nie, weet ons is bestem vir die ewige Hel, maar ons wonder soms wat gaan gebeur met dié wat nie van Jesus weet nie?

***Middel***

In Romeine 10:5-15 lees ons ‘n klomp dinge. U weet dat enige stuk in die Bybel ‘n klomp sake bevat om te leer, dat mens verskeie preke daaruit kan maak. Ons wil graag vanmore weet wat gebeur met mense wat nie van Jesus weet nie?

Paulus skryf in sy Romeine brief aan mense wat heel waarskynlik nie Jode was nie. Met ander woorde, hierdie mense ken nie regtig die Wet van Moses nie. En daarom vertel hy in vers 5 aan die gelowiges in Rome dat hulle gerus die Wet van Moses kan onderhou, want as jy dit doen dan sal jy lewe; dit beteken dan, dat jy volgens God se wil sal lewe, dat as jy die wet volg dan lewe jy doel gerug en nie soos gras in die wind nie. So, dit is goed om volgens die wil van Moses te probeer lewe.

Tog weet ons dat Paulus gereeld argumenteer met die Jode dat mens nie net die wet kan onderhou nie, jy moet ook glo in jou verlossing en dat dit Jesus is wat jou verlos het.

Gemeente, ons moet die wet onderhou. Die tien gebooie geld vandag nog. Tog, vir ons as Christene, kom daar 'n ekstra element by. 'Ons moet lewe volgens die wet, maar ons moet ook **glo in ons verlossing**.'

**Hier wil ek my self in die rede val**. As iemand reg lewe en dit is baie in lyn met die wet van Moses, kan mens sê dat hierdie mens onwetend die wet onderhou. Maar so 'n persoon sal nog nie gered wees nie, want dit wat bykom is die belangrikste. Die persoon moet in Jesus glo en net in Jesus; nie Buddha, Muhammad of verskillende gode van die Hindu geloof nie.

Hoekom?

Net God kan ons verlos van die juk wat Hy oor ons skouers geplaas het. Daarom moet ons die verlossing glo om so doene te herken dat die God wat ons verdoem het, by Adam en Eva, ons nou kom red het.

Om terug te kom na die punt toe. Gemeente, 'n goeie lewe loop hand aan hand met jou geloof. En Jesus sê dit self, dat jy net deur jou geloof gered kan word.

As ons glo dat Jesus het aarde toe gekom, en dat Hy self God was, en dat hierdie God ons los kom maak van ons sondes, dan kan jy gered word.

***Uitbou***

Ek staan net gou stil by die volgende gedagte.

Vers 10: "Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered."

Broers en susters, geloof begin nie by u denke nie, maar by u hart. Geen mens kan God verstaan nie. Ons lees van God in die Bybel en ons sien al Sy eienskappe, maar ons sal Hom nooit kan verstaan nie. Al wat ons kan doen is om met ons hart te glo en met ons mond te bely. Dit beteken dat as ons bewyse soek oor God sal ons dit waarskynlik nie op ‘n menslik manier vind nie. Al wat ons kan doen is by ons self aanvaar dat God is groot en Hy is altyd goed en regverdig, ons moet en kan dit glo en bely.

Vers 11 stel dit soos volg vir dié wat net glo en bely:

“Die Skrif sê tog:

‘Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.’”

Nou kan u amper agter kom oor wat ons antwoord op ons vraag is: “Wat word van mense wat nooit van Jesus gehoor het nie?”

***Antwoord***

U en ek word gered omdat ons glo. As ons glo is ons Christus se mense en omdat ons Christus se mense is leef ons volgens die Wet van Moses. Om gered te word, is dit, geloof, die vereistes.

Dit beteken dat mense wat nie van Jesus te hore kom nie, nie die ewige lewe gaan beërwe nie. Dit klink vreeslik, nie waar nie.

1) Dit maak ons dankbaar dat ons wel glo en elke dag reg probeer leef.
2) Maar dit laat ons jammer voel vir daardie mense wat nie die goeie boodskap kan hoor nie.

Soos ek vroeër gesê het; ons kan nie God verstaan nie, Hy is te almagtig en te alwetend en te groot vir ons menslike verstand om te begryp. Jesus het wel self by geleentheid gesê dat ‘die oordeelsdag selfs draagliker sal wees vir Sodom en Gomorra as vir die Israeliete wat Hom, God verwerp het’.

Die Here kan selfs mense wat nie van Hom gehoor het nie, red sou dit Sy almagtige wil wees.

Tog gemeente is daar vir ons ‘n boodskap hier.

2 dinge:

**Eerstens** moes u gehoor het dat u met u mond moet bely dat Jesus die Here is, en met u hart moet glo dat God Hom uit die dood opgewek het, dan sal u gered word. ‘Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.’

**Tweedens,** kan ons bydra dat mense van die verlossing van Christus bewus kan raak.

Vers 14 lees soos volg:

'Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring."'

Nie minder as 7 stappe kan u en ek vir die ongelowige neem sodat hulle die goeie boodskap kan hoor:

1ste – Ons bring 'n goeie **boodskap**. Die boodskap van verlossing is aan ons gegee om te gaan gee. Wees bewus van wat die goeie boodskap is.

2 de – Ons is die **boodskappers** wat die goeie boodskap het om met mense te deel.

3 de – God verwag van ons almal om die boodskap **ordentlik deur te bring** aan die wat nog nie gehoor het nie.

4 de – Mense het ook die **verantwoordelikheid in hulle self** om stil te word en aandag te gee aan hierdie boodskap wat u en ek vir hulle moet bring. Ons moet dit duidelik maak dat hierdie boodskap iets is waaraan hulle, die ongelowiges, moet aandag gee.

5 de – **Hierdie mense** moet hierdie **boodskap** dan **voluit glo** om gered te word.

6 de – Mense  moet bewus wees dat **net deur die Naam van Jesus Christus** hulle gered kan word.

7 de – Die laaste stap gebeur dan deur God, en dit is dat **die mens wat glo gered sal word** en die ewige lewe sal ontvang en bly lewe.

**Slot**

So ver die Bybel ons leer, moet ons glo dat Jesus, wat die seun van God is, en net hierdie Goddelike Heer ons kon red, die een is wat ons gered het. Daar is geen ander manier om gered te word nie.

Wat dan van die mense wat nooit die Woord van God sal hoor nie? Ons sal nooit verseker weet nie, want ons verstaan God nie, en dit is nie ons taak om oor sulke mense te oordeel nie.

Wat ons wel weet is:

Ons het genade ontvang dat ons gered is

Ons kan net elke oomblik meer en meer goed probeer lewe om so dankie te sê

Maar Jesus stuur ons ook om die mense Sy dissipels te maak,

Stap een – gebruik die goeie boodskap

Stap twee – wees die boodskapper

Stap drie – bring die boodskap op ‘n ordentlike manier

Stap vier – maak bekend dat ‘n gelowige verantwoordelik aan die evangelie ‘n kans moet gee

Stap vyf – die hoorder moet dan glo sonder vra

Stap ses – mense moet van ons hoor dat net deur geloof in Jesus Christus kan hulle gered word

En stap sewe – sal God doen en die wat glo sal gered word vir die ewigheid

‘Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.’

**Amen**